# Lesing 12.10.2018 - Lesing 23 - Diep innerlike waarhede vanuit die Gilgal Klipwiel

Die Apostelbriewe bevestig die profesieë
2 Petrus 2: 1-22

2:1 MAAR daar was ook **valse profete** onder die volk, net soos daar onder julle **valse leraars** sal wees wat verderflike ketterye **heimlik** sal invoer, en ook teen **die Meester wat hulle gekoop het, getuig** en 'n vinnige **verderf** oor hulleself bring;

2:2 en baie sal hulle verderflikhede **navolg**, en om hulle ontwil sal die **Weg van die Waarheid** gelaster word;

2:3 en uit **hebsug** sal hulle met verdigte woorde voordeel uit julle trek. Oor hulle is die oordeel van lankal af nie werkeloos nie, en hulle verderf sluimer nie.

2:4 Want as Elohim die Boodskappers (Engele) wat oortree het, nie gespaar het nie, maar hulle in die hel gewerp en aan kettings van Duisternis oorgegee het, om vir die oordeel in bewaring gehou te word; [Boekrol van Henog 19:2; 69:28]

2:5 en die ou wêreld nie gespaar het nie, maar **Noag**, die prediker van Geregtigheid, met sewe ander bewaar het toe Hy die vloed oor die **wêreld van die verbasterdes** gebring het;

2:6 en deur die stede van **Sodom en Gomorra** tot as te verbrand, hulle tot ondergang veroordeel het en as 'n **voorbeeld gestel** het vir die wat in die toekoms sou wou verbaster;

2:7 en die regverdige Lot gered het, wat hom baie gekwel het oor die **ontugtige lewe van die besoedelde mense;**

2:8 want deur wat hy gesien en gehoor het, het dié regverdige man, wat onder hulle gewoon het, dag vir dag sy **regverdige siel gepynig** oor hulle wettelose werke -

2:9 Die Hoogste El weet om die **toegewydes** uit versoeking te verlos en die **wetsverbrekers** te bewaar vir die dag van oordeel om gestraf te word;

2:10 en veral die wat die **vlees in vuile begeerlikheid agternaloop** en die koningskap verag. Vermetel en aanmatigend, skroom hulle nie om die **koningskinders** te belaster nie,

2:11 terwyl die Boodskappers, hoewel groter in sterkte en Krag, geen lasterlike oordeel teen hulle by JaHWeH voortbring nie.

2:12 Maar hulle, hierdie **brute gediertes vanuit die natuur,** gebore om gevang en vernietig te word, uiter **besoedelde en lasterlike spraak** teen dit wat hulle nie ken nie en sal totaal vernietig word in hul eie korrupsie.

2:13 en sal die loon van die Ongeregtigheid ontvang. Hulle ag dit weelderig om oordag **oproer te maak**; hulle is **gebrekkig en walglik, swelgend in hul valsheid** as hulle **met julle saamsmul**;

2:14 met **oë vol verbastering**, wat nie ophou om te oortree nie; hulle **verlei onvaste siele**, hulle het 'n hart geoefen in hebsug, hulle is **kinders van die vervloeking**.

2:15 Hulle het die regte pad verlaat en verdwaal, en die weg gevolg van **Bíleam**, die seun van Beor, wat die loon van Ongeregtigheid liefgehad het,

2:16 maar die bestraffing van sy eie oortreding ontvang het: die stom lasdier het met die stem van 'n adamiet gepraat en die waansinnigheid van die waarsêer verhinder.

2:17 Hulle is **waterlose fonteine, miswolke voortgedrywe deur 'n stormwind**, vir wie die donkerheid van die Duisternis **vir ewig** bewaar word.

2:18 Want deur **trotse woorde vol onsin** uit te spreek, verlok hulle deur begeerlikhede van die **vlees en ontugtigheid,** dié wat waarlik die mense ontvlug het wat in dwaling wandel.

2:19 Hulle belowe **liberalisme** aan hulle, terwyl hulle self **slawe van korrupsie** is; want waardeur 'n mens minderwaardig word, daarvan het hy ook 'n slaaf geword.

2:20 Want as hulle, nadat hulle deur die **Kennis van die Meester en Verlosser, JaHWèshua die Gesalfde**, die besmettinge van die wêreld ontvlug het, hulle tog weer deur hierdie dinge laat verstrik en oorwin word, dan het vir hulle die laaste erger geword as die eerste.

2:21 Want dit sou vir hulle beter gewees het, as hulle die Weg van Geregtigheid nie geken het nie, as dat hulle, nadat hulle Haar leer ken het, hulle hul **gedistansieer het van die Gebod van Apartheid wat aan hulle oorgelewer is.**

2:22 Maar oor hulle het gekom wat die ware spreekwoord sê: Die **hond** het omgedraai na sy eie **uitbraaksel**, en die **gewaste sog** om in die **modder** te rol. [Spreuke 26:11; JeshaJaH 28:8]